

Visie: Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik
Missie: Koinonia, Geloof en Getuienis

Jaargang 15

2de Kwartaal 2014

'N SAAK VAN LEWE EN DOOD



Wanneer mens 'n baie belangrike besluit moet neem, of 'n groot taak het om af te handel, sou jy sê: "Dis 'n saak van lewe en dood." Jy moet kies, jy moet optree – daar is so baie op die spel. Die lewe en die dood raak alle mense, alle diere en plante. Almal en alles wat lewe en bestaan sal een of ander tyd tot niet gaan. Die twee staan teenoor mekaar – soos dag en nag, soos duisternis en lig, soos God en Satan.

In hierdie tyd van die kerkjaar vertel die 1000de herfsblare ons dat die Somer verbygaan en winter op hande is. Lydenstyd, Goeie Vrydag, Paasfees en Pinkster bring opnuut die boodskap van lewe en dood – en lewe! "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here." (Rom 6:23) Paasfees, Pasga (Passover in Engels) herinner aan die engel van die dood wat die eersgeborene in elke Egiptiese huis getref het. God se volk is egter verbygegaan, gespaar en van slawerny verlos. Elke nagmaal herinner ons veel meer aan ons eie verlossing deur die geloof in Jesus Christus alleen.

Aan die vervloekte kruishout op Golgota lewer die Vader self sy eie Seun oor aan die dood. Hy skenk daardeur aan jou en my die ware lewe – die ewige lewe. Dit kan Hy doen omdat Hy self die lewe is en alle lewe wat bestaan geskep het. Die ope graf op Paasmôre herinner ons aan Jesus se aanspraak en belofte met die dood van Lasarus: "Ek is die opstanding en die lewe – wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie." (Joh 11:25, 26)

Maar nou is daar mense wat sê: "God is dood." Hulle ken Hom nie, reken dat hulle Hom nie nodig het nie. Daar is ook diegene wat eiegeregig en selftevrede beweër dat die Kerk dood is.

Daar is miljoene mense wat nog nooit die Evangelie gehoor het nie. Pastoor Sam Raj vertel in die laaste

Kerkbode dat die evangelie verkondiging in Indië 'n saak van lewe en dood is.

Kom, laat ons ook soos Petrus en die ander apostels op Pinksterdag sê: "God het hierdie Jesus uit die dood laat

opstaan, daarvan is ons almal getuies." (Hand 2:32) en soos Paulus sê: "Ek is saam met Christus gekruisig en nou is dit nie meer ek wat lewe nie maar Christus wat in my lewe." (Galasiërs 2:19-20)

Mag die Here my en jou gebruik om elke dag en onder alle mense en omstandighede sy lig in duisternis te laat skyn.

DIS 'N SAAK VAN LEWE EN DOOD!

Ds. Andrew Barry

FRANS EN AMANDA VAN DER MERWE BETROKKE BY SENDING IN KANADA

Ds Frans van der Merwe en sy vrou Amanda was vanaf 1976 tot 2003 die leraarspaar van die Parys-Wes-gemeente. Nadat hul eers gereeld vir die kinders in Kanada en elders gaan kuier het, het hulle in Februarie 2013 na Regina in Kanada verhuis waar van hul kinders ook werk.

Frans en Amanda het in Junie 2013 begin met 'n bediening vir Afrikaanssprekendes in Regina, Kanada. Frans het 'n werkspermit en 'n driejaar- kontrak van die Baptistekerk gekry om by die kerk betrokke te wees. Daar word een keer per maand 'n kerkdiens in Afrikaans gehou. Daar is ook begin met 'n kleingroep bediening vir Afrikaans-sprekendes.

'n Groot grondverskuiwingsfirma in Regina het 'n Afrikaans-sprekende werwingsbeampte wat tans besig is om 15 huisgesinne uit Suid Afrika van werk te voorsien. Hierdie families sowel as 'n aantal mediese dokters wat reeds in Regina werk, sal by die Afrikaanse kerk betrek word. Dan is daar ook Suid Afrikaanse boere in die omgewing wat reeds by die bediening inskakel.

Frans het sy eerste kleinkind, Thomas v.d. Merwe - Adam en Vanesa se seuntjie - in dié Kerk gedoop. By dieselfde geleentheid het hy ook die Jeugpastoor en een Sjinese kindjie aan die Here toegewy.

Frans en Amanda is ook baie betrokke by die Engelse deel van die gemeente waar Frans ook al van die eredienste in Kanadese Engels gelei het. Hy hanteer die weeklikse Bybelstudie van die gemeente en besoek ook al die bejaardes in die ouetehuis. Hy is ook die voorsiter van die Senior-klub en bied vir hulle byeen-komste aan. Amanda is pas aangestel as een van die klavier begeleidsters in die Kerk. (*...en ek het gedog hulle het afgetree en pas nou af en toe vir Thomas op!!- Red.*)

Dit sneeu vir sewe maande van die jaar in Regina. Die mense kom selfs in die ergste sneeustorms kerk toe. Die kerkgebou word verhit en binne in die gebou is dit

heerlik. Die paaie is dikwelstoegesneeu en groot stoot-skrapers moet gereeld die paaie oopstoot. Volgende keer meer oor

hoe ons aanpas in Kanada en ook ietse oor onskinders. Groete uit Kanada van Frans en Amanda.



Ds Frans wys vir die Posduif-lesers hoe lyk hul voortuin en regs die doop van die eerste Sjinese baba en van klein Thomas van der Merwe.

‘n TYD OM TE KOM EN ‘n TYD OM TE GAAN

Daar is onlangs van twee van ons geliefde “afgetrede” dominees en hul gades afskeid geneem aangesien hulle besluit het dit gaan beter wees om nader aan die kinders te skuif. Nadat hulle huise lank in die mark was, het hulle kort na mekaar die regte kopers gekry en hulle kon begin om hul planne te finaliseer vir die groot trek voorwêreld toe.

Ds. Chris en Hanna Myburgh

Groot dinge het in 1963 vir die twee gebeur. Hulle is in April getroud en op 19 Mei 1963 het ds Chris sy intrepreek by sy eerste gemeente in Amersfoort gelewer. Hierna het ‘n lang bediening gevolg waartydens hy predikant in ‘n hele paar gemeentes was. Op 4 Mei 1997 het ds. Chris sy emiritaat aanvaar en Parys-Wes se wins was groot toe ds. Chris en Hanna na Parys verhuis het. Hulle het vir 17 jaar tot in Maart vanjaar hier gewoon.

Hulle het dadelik aktief by die gemeente ingeskakel en ds. Chris is aangestel as pastorale hulp vir ds. Frans van der Merwe. Die pos het hy vier jaar beklee en Hanna het hom steeds ondersteun en bygestaan in alles waarby hy betrokke was. In die gemeente se 50ste verjaarsdag gedenkalbum, “Kosbare erfnis langs die Vaalrivier”, (p67) skryf hy “Aan Hanna, wat Hy my as vrou gegee het om my by te staan, kom toe my dank. Sy was ‘n steunpilaar en gebedsmaat deur die jare – vandag nog – al is haar gesondheid nie meer so goed nie”. Hanna was deurgaans baie betrokke by Glennifer-etes, Najaarsrus tees, besoeke, basaars en blomme in die kerk.

Ds Chris was nog tot onlangs ‘n aktiewe prediker en hy het gereeld by verskillende kerke en gemeentes so ver as Bothaville gepreek. Hy was ook ‘n

aktiewe en toegewyde jukskeispeler en was die laaste paar jaar voorsitter van die Mimosa-jukskeiklub in Parys.

Daar is in Maart van hulle afskeid geneem nadat hulle besluit he tom “kleiner” te gaan. Hulle woon nou in Roodepoort naby die kinders en ons vertrou dat hulle lekker daar sal inskakel en dat Hanna se gesondheid spoedig sal verbeter. Sy seëninge word julle toegebied. Ds. Chris se selfoonnommer is 082 833 3578.



Ds. Chris en Hanna Myburgh



Ds. Chris by jukskei.

Ds Andrew en Joan Barry:

Nog ‘n lewensfase het vir ds. Andrew en Joan Barry tot ‘n einde gekom toe hulle besluit het dat dit tyd is om nader aan hul kinders in Clubview, Pretoria te gaan bly.

Na sy emeritaat het ds Andrew en Joan hulle in Parys gevestig. In “*Kosbare erfnis langs die Vaalrivier*”, die Gedenkalbum van die gemeente met sy vyftigste verjaarsdag, het oom Andrew so geskryf (p69): “Na 40 jaar en vier maande in die bediening het die Here, die NGK en onself (liggaam en gees!) gesê dit is aftree-tyd. Ons huis se naam is SELA. Die kerkgebou van die NG Parys-Wes is twee klipgoeie van ons huis af. Ons kon dadelik as lewende lidmate van die kerk opgeneem word. As “gewone Christene” en getuies kan mens nie anders as om bereid te wees om o.a. as ouderling (met sy altyd dienswillige vrou!) te dien en ook deel te neem aan die verskeidenheid aksies van die Getuieniskommissie nie.

Met daaglikse arbeid in die tuin, herinner bome, blomme vrugte en groente ons gedurig aan die wonder van die gawes wat God aan ons toevertrou het en wat hyself in en deur ons wil uitleef. Ons dank Hom dat albei van ons die afgelope vier jaar Kanker-Oorwinnaars is en by Kansa betrokke kan wees.”

Hulle het 19 jaar gelede besluit om in Parys te kom woon vir die volgende fase in hul lewens – die van afgetredenes. Daar was egter nie tyd vir aftree nie en soos

daar ook uit die voorafgaande stukkie gesien kan word, het hulle gou weer by die gemeenteaktiwiteite ingeskakel en hul deel voluit gedoen ongeag die feit dat die kwinte en kwale hul van tyd tot tyd ingehaal het. Dit het hulle telkens oorkom en altyd met 'n glimlag vorentoe gekyk en weer aangegaan. Hulle was baie betrokke by die bybelstudies, Tumahole, Schonkenville en het gehelp om baie pannekoek te bak. Ds. Andrew het ook gereeld eredienste gelei.

Daar is Sondag, 11 Mei 2014 van hulle afskeid geneem by die kerk en ons wens hulle voorspoed en seën toe vir hierdie nuwe fase. Ons vertrou dat hulle daar ook gou in die gemeente opgeneem sal word en dat ouma Joan haar kleindogters allerhande interessante dinge gaan leer.

Vir die wat wil kontak behou, hul nuwe woonadres is Marianastraat 148, Clubview en die posadres, Posbus 12470, Clubview. 0014.



DS. ANDREW EN JOAN Sê TOTSIENS

Hierdie mooi Afrikaanse woordjie van ons is enig, dit sê soveel. Om dit elke dag te gebruik is gerieflik, maar sê dit wanneer jy werklik weggaan, is dit nie maklik nie! Vaarwel klink té finaal omdat ons hoop om mekaar weer te sien... Pretoria is nie baie ver nie, ons sal enigiens verwelkom wat lus het vir 'n koppie tee/koffie.

Na 19 jaar in Parys groet ons julle met 'n seer hart. Die dorp, gemeenskap en gemeente was vir ons goed. Ons verblyf hier was uitermate gelukkig, die samewerking in God se koninkryk baie geseënd en die vriendskappe wat gevorm is het ewigheidswaarde. Die Posduif speel ook 'n groot rol hierin. Baie dankie aan een en almal se aandeel op so baie gebiede, ons sal die tyd hier in ons harte koester.

Baie dankie vir die afskeid Sondag na Kerk: die gesellige saamwees, toesprake, geskenke en die heerlike teedrink. Dankie aan almal wat sulke lekker eetgoedjies gebring het. Ons sal julle mis. Alle eer aan ons Skepper, **Hy** is goed vir ons! **Ds. Andrew Barry en Joanie (11/05/14)**



Ds. Andrew en Joanie Barry, en Ds. Barry van Wyk

DIENSGROEP VAN BARMHARTIGHEID:

Die Diensgroep van Barmhartigheid bak maandeliks pannekoek om fondse in te samel. Hierdie fondse word gebruik om verligting te bring in ons gemeente en dorp waar die nood groot is. Daar word tans maandeliks by 9 gesinne in ons gemeente kospakkies afgelewer. Skooltruie is ook aan leerders van HF Verwoerd Laerskool geskenk. CTK, die kindershuis in Bethlehem, maak ook baie op ons staat vir bydraes soos: klere, skoonmaakmiddels en nie-bederfbare voedsel.

BAIE DANKIE aan elkeen wat klere geskenk het.

Ons Gr 11 & 12 seuns in Esterhof het pragtige pakke, baadjies en broeke uit ons gemeente ontvang. Dit gaan beslis gebruik word vir hul voorstelling en matriek-afskied.

BAIE DANKIE aan elkeen wat pannekoek bak, koop, bestel en aflewer...so kan ons saam die arms en voete van JESUS wees!!
Minnie

OP-EN-WAKKERKLUB

Op 15 APRIL 2014 het die OP-en-WAKKERKLUB weereens 'n glansryke oggend beleef. Die tema van die oggend was in noue kontak met die Lydenstyd van Jesus, die gedekte tafels asook die ete was gepaardgaande met baie simboliek. Die oggend is verder opgehelder deur die bydrae van Me Sandra

Stoker van die Vaal Pukke in Vanderbijlpark. Sy het 'n paar uitgesoekte Griekwa Psalms met baie entoesiasme "voorgedra".

Me. Stoker se passie is om deur middel van haar voordrag en drama mense te bedien en die Here te verheerlik.



DOOPNAME OP DIE KRUIS – Sondag 13 April 2014

Sondag, 13 April was 'n besondere dag vir die gemeente en dit het gehandel oor die viering van die doop en gesinsdag. Die tema van ds Barry se preek was “*Ek het jou by jou naam geroep*” uit Jesaja 43:1.

Doopviering:

Ons doop is 'n besondere gebeurtenis! Meeste van ons weet dat ons gedoop is, maar is nie seker wanneer nie. Ons is ook nie altyd bewus van die ryke boodskap en betekenis van die doop nie! Dink net weer 'n slag daaraan: God sê: “*Ek sal jou God wees! Ek sal jou liefhê en versorg! Niks sal jou ooit uit My hand ruk nie en niemand sal jou ooit van My liefde skei nie!*” Die teken en bewys hiervan is die doop. Ek belowe voor die gemeente dat ek van my kant af die Here sal dien en liefhê, gehoorsaam en eer.

Vier vandag jou doop met blydskap en vreugde. **(Bron : Afkondigings – 13 April)**

Met die uitstap uit die kerk het elke lidmaat 'n klippie met die teksvers (Jesaja 43:1) daarop geskryf, uit 'n bak water gehaal om hulle ook aan hul eie doop te herinner.

Na afloop van die diens het die ouers van kindertjies wat sedert 2013 gedoop is, die geleentheid gekry om naamplaatjies met die kinders se name en doopbesonderhede, buite teen die kruis vas te spyker. Die beroep is herhaal dat ouers elke jaar moet seker maak wanneer die kindertjies gedoop is en om die doop elke jaar te vier.

Gesinsdagviering:

Na die afsluiting van die kategeese om 11:00, het gemeentede saam speletjies gespeel in die saal. Dit was groot pret vir al die deelnemers. Die vure is aangesteek en van so 12:00 af is daar heerlik gebraai en saam gekuier. Ware koinonia / gemeenskap van die gelowiges.

Dit was 'n besondere dag en dit sal sekerlik weer in die toekoms herhaal word.



Elkeen kry 'n doopklippie



Die gemeente is getuie van die geleentheid en regs die name wat reeds opgespyker is



Daar is lekker saam ge-eet en daar was genoeg roomys vir almal

NUWE INTREKKERS:

Ons wil graag die volgende persone wat vanaf Februarie 2014 by die gemeente aangesluit het, hartlik verwelkom. Ons vertrou dat julle reeds ingeskakel het, dat jul verblyf hier vir julle verrykend sal wees en dat julle betrokke sal raak by die gemeenteaktiwiteite.

Naam	Vorige gemeente	Wyk	Telefoon
Diederik Daniël Erasmus	Vanderbijlpark-Sentraal	Sally Martin	0825727297
Jacoba Johanna Magdalena Elizabeth Koen (Viljoen)	Vanderbijlpark-Sentraal	Sally Martin	0837450604
Stephanus Ferreira Janse van Rensburg	Hospitaalpark, Bloemfontein	Floyd	0568114114
Pierre Albert Techart Havenga	Port Elizabeth-Sentraal	Le Roux	0722208443
Iganatius George Botha	Middelburg - Ligkruis	Najaarsrus	0823788505
Heila Magrietha (Joubert)	Middelburg - Ligkruis	Najaarsrus	
Dawid Johannes Hendrik Venter	Empangeni	Floyd	0568112804
Elsie Elizabeth Louw (Venter)	Empangeni	Floyd	0761104344

ONS SENIOR BURGERS 80 jaar en ouer :

Die Heer seën u op hierdie dag en elke dag van die nuwe lewensjaar, geluk! “Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van ‘n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.” Hab. 3:19

MAARTMAAND SE VERJAARSDAE:

- 02 – WEIDEMAN – Attie (90): Gaan baie goed. Geen klagtes nie.
- 03 – WIEGAND – Corrie (87): Gaan goed. Haar man vier maande gelede oorlede. Sy bly nog in haar eie huisie.
- 06 – CRONJE – Kobus (80): Gaan goed onder omstandighede. Het hartversaking maar dokter is tevrede. Gaan moedig aan.
- 07 – LOTRIET – Kitty (89): Gaan beter. Gaan volgende week na die kinders, dan gaan dit ook beter.
- 08 – DE JAGER – Coenraad (90): Gaan baie goed, gesond, gebruik geen medikasie. Stap nog tot by die brug. Die Here seën hom.
- 22 – BOTHA – George (80): Gaan baie goed. Bene word gesond, loop met die loopraam. Wonderlike genesing wat die Here gegee het wat hulle nie verwag het nie.
- 23 – CRONJE – Vos (88): Gaan goed. Gesondheid oor die algemeen goed.
- 25 – VAN ROOYEN – Caroline (81): Gaan redelik goed. Het pyn, loop met karretjie en kla nie.
- 25 – Coertze – Gert (86): Gaan baie goed al verduur hy baie pyn in sy knie.
- 27 – STRYDOM – Jane (87): Gaan redelik goed. Dit gaan moeilik om te loop, sit meestal in ‘n stoel. Het medikasie gekry vir velprobleem, hoop dit sal help.

APRILMAAND SE VERJAARSDAE:

- 05 – VAN DER BERG – Grieta (82): Gaan goed. Het egter ‘n problem met haar skouer wat baie pyn veroorsaak. Het medikasie gekry wat hopelik sal help.
- 06 – CLAASSEN – Annatjie (82): Gaan goed. Dankbaar “dat sy is soos sy is”.

- 06 – WILKINSON – Alf (80): Dit gaan baie goed en hy het geen klagtes nie.
- 10 – PULLEN – Raaitjie (84): Dit gaan goed met haar en die gesondheid. Sy bly lekker en het nie klagtes nie.
- 13 – SCHLEBUSH – Nellie (82): Sy is 'n asmalyer maar dit gaan goed. Dankbaar oor alles.
- 14 – ERASMUS – Kotie (89): Blykbaar gaan kuier.
- 18 – BOTHA – Heila (81): Rug seer – verder geen klagtes.
- 22 – MULDER – Henk (80): Gaan goed, hartprobleem gedeeltelik opgelos, werk nog hard.
- 28 – BOSHOFF At- (82): Bene gee probleme maar verder gaan dit goed met hom.

MEIMAAND SE VERJAARSDAE:

- 03 – DE VILLIERS – Pierre (80): Gaan baie goed. Gesondheid redelik goed, dankbaar dat daar niks ernstigs verkeerd is nie.
- 04 – SCHNEIDER – Huibrecht (86): Blykbaar gaan kuier.
- 08 – BOTHA – Frikkie (80): Sukkel om die verlies van hulle seun te verwerk. Verder gaan dit baie goed.
- 12 - CRONJE – Danie (81): Dit gaan baie goed.
- 14 – JANSE VAN Rensburg – Faan (81) : Gaan baie goed. Ry nog alleen Bloemfontein toe.
- 18 – FOURIE – Jan – (85) : Woon tans in Krugersdorp.
- 20 – VAN SCHALKWYK – Engela (85): Word versorg in Najaarsrus.
- 20 – BOTES – Betta (82): Dit gaan baie goed. Die Here is baie goed vir hulle en hulle is dankbaar vir ontelbare seëninge.
- 22 – DE JAGER – Lelia (86): Dit gaan baie goed. Gesondheid ook goed.

ONTWERP VAN 'N NUWE LOGO VIR PARYS-WES:

Die Kerkraad het in 2013 besluit dat die logo van die kerk gemoderniseer moet word. 'n Kompetisie is uitgeskryf, konsep-logos is beskikbaar gestel en die opdrag was dat:

- Die logo gemoderniseer moet word.
- Al dié elemente van die konsep-logos ingesluit moet word.
- Die bewoording nie verander mag word nie.

Ontwerp-elemente uit die konsepte:

Die volgende elemente was vervat in die konsepte:

- Die Bybel
- God is Liefde
- Drie pilare = Koinonia (Gemeenskap), Geloof en Getuienis
- Visie: Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik
- Gemeente se naam: PARYS-WES

Besluitnemingsproses:

Almal is uitgenooi om voorstelle voor te lê en ongeveer 20 voorstelle is ontvang. Die gemeente is daarna twee keer uitgenooi om na die voorstelle te kyk en om te stem. Na die stemming het die Kerkraad besluit om die nuwe logo wat reeds op die Posduif en Groeikrag gebruik word, te aanvaar.

Ontwerp-elemente in die nuwe logo:

Die ontwerp-elemente is op 'n moderne abstrakte manier sonder die bewoording in die logo geïnkorporeer. Die betekenis van die elemente van die logo is soos volg:



Die hart = God is Liefde
Drie pilare = Koinonia, Geloof en Getuienis
Boek = Bybel, Die Duif of die Heilige Gees
Kerk se naam

In praktyk is dit nie moontlik of sinvol om die kerk se **Visie en Missie** in 'n moderne logo te inkorporeer nie. Dit is beter om 'n treffende logo te hê en om die res op ander plekke by te voeg, bv. 'n naambord by die pad en op dokumente soos die weeklikse afkondigings, Die Posduif, briefhoofde, ens.

Voorbeeld van 'n naambord:



Christus het nie gekom om God se liefde moontlik te maak nie, maar om God se liefde sigbaar te maak – Robert Bolton

Hulle wat deur God se genade grdra word, reis lig – Thomas À Kempis

CAPRIVI-UITREIK 2014

Die Uitreikspan van die NG Kerke in Parys, onder leiding van ds Barry van Wyk en Ina, vertrek DV op 5 Julie 2014 vanaf Parys-Wes na die Caprivi waar daar met die plaaslike gemeentes geskakel word. Tydens die besoek sal onder andere die volgende aandag kry:

- huis-tot-huis evangelisasie en siekebesoek
- die struktuur en administrasie van gemeentes
- die verbetering van die kerkgebou by Singalamwe
- die oprigting van 'n kerkgebou by Sachona
- enige ander behoeftes/ projekte wat mag opduik.

Die Span, wat uit ongeveer 16 lede sal bestaan, sal weer teen 20 Julie terug wees in Parys.

Hoe kan ons wat agterbly help?

- Voorbidding vir hierdie uitreik en die veilige terugkeer van die span word gevra.
- Die Span benodig materiaal, naalde en garing, breinaalde, hekelpenne en wol vir projekte.
- Donasies om kostes te dek.
- Donasies om veral bybels te koop.

Baie dankie aan diegene wat reeds 'n bydrae tot die kostes gemaak het, wat voertuie beskikbaar gestel het vir die rit en wat nog in een of ander vorm 'n bydrae gaan maak om die sukses van die uitreik te verseker.



Die eerste vergadering vir die Caprivi-uitreik 2014 is op 17 Februarie by Parys-Wes gehou.

SNOEKETE TEN BATE VAN CAPRIVI-UITREIK:

Daar word weer op Vrydag, 30 Mei 2014, 'n Snoekete by Parys-Wes gehou. Hierdie is 'n gesamentlike fondsinsamelingspoging deur al die NG Gemeentes in Parys en die opbrengs van die ete is ten bate van die Caprivi Sending en almal word uitgenooi om saam te kom snoek eet.

Kaartjies is teen R50.00 per ete by die Kerkkantoor of by Ina van Wyk (056 811 4948) beskikbaar.

KOMMENTAAR OP DIE POSDUIF:

Nadat die die Posduif se eerste uitgawe van 2014 per e-pos aan 'n klompie medewerkers gestuur is, het ons heelwat positiewe terugvoer ontvang. Hier is 'n paar daarvan en almal wat die Posduif elektronies wil ontvang kan hul eposadresse gerus aanstuur (hansieb@lantic.net) of by die kerkantoor afgee.

“Baie dankie vir die POSDUIF. Terugvoering oor die Posduif:”

- Die blad is pragtig versorg en aangenaam om te lees. Baie GELUK , dis wonderlik ! Kan julle gereeld vir ons die POSDUIF stuur? Moet ek vir julle 'n artikel skryf oor ons bediening in Kanada met 'n paar fotos?”
-Ds. Frans en Amanda van der Merwe uit Kanada
- “Ek dink die Posduif is pragtig. Baie dankie. Dis lekker om die fotos in kleur te sien.”
-Hortense.
- Baie geluk en dankie vir die POSDUIF. Ons is bly om dit so te ontvang, per epos - dit hou ons darem in kontak met die gebeure by ons Gemeente, aangesien ons nie altyd by julle kan wees nie!
- Dankie vir die werk en tyd wat daaraan afgestaan is. Mens kan sien dis met liefde gedoen”
-Francois en Elizabeth Fourie
- Baie dankie vir die Posduif wat ek so lekker voor my rekenaar gesit en lees het!
- Hanneltjie
- “Baie dankie vir 'n lekker-lees uitgawe.” *- Lukas en Suna*
- “Wow!!! wat 'n aangename verrassing!!! Kry Die Posduif nog al die jare en het nie geweet hy kan so mooi lyk nie. Geluk!
- Nee ek is nie meer in die gemeente nie. Ons, ek en David was lede van die gemeente tot en met ds. Van der Merwe se aftrede. Ek was die pianis vir Najaarsrus se eredienste en het maar bitter min geleentheid gehad om die kerk by te woon. Ek was al die jare 'n koorlid en het dikwels die voorsang gelei, asook soms die orrel bespeel. Die mees onlangse geleentheid wat ek daar orrel gespeel het, was in die omgewing van die 13de Oktober 2013. Ons dogter Trudie en haar man Johan Robbertze word al vandat hulle die eerste keer Tanzanië toe is (2001) al deur Parys-Wes ondersteun. Baie dankie vir die stuur van Die Posduif. Ek sal dit graag op 'n gereelde basis wil ontvang.
Jesusliefde”-Alta-Nortje
- En dan is daar altyd die die mense wat bereid is om te help. Op 'n vraag of iemand kan help om die dokument om te skakel na PDF sodat hy kleiner is vir die stuur, het ek die dokument binne 'n dag teruggekry uit SWITSERLAND. Dankie Dolf vir jou en Johan Meintjies se hulp daarmee.

INSTALLERING VAN ADOBE-LESER

Die Posduif is in die PDF-formaat en indien jy dit nie kan oopmaak nie, kort jy dalk die Adobe Reader. Klik asseblief www.get.adobe.com/reader om die jongste weergawe af te laai. Indien jy dit nie wil doen nie, kan ons steeds die Posduif in Word-formaat, wat groter is, aanstuur. Stuur asb jou versoek aan hansieb@lantic.net.

Gister is geskiedenis. More is 'n misterie. En vandag? Vandag is 'n geskenk van God.

GEMEENTE-ANALISE – 2013:

Die besonderhede in die onderstaande tabel oor die werksaamhede van die Parys-Wes-gemeente is aan die Ring van Vredefort voorgelê.

Samestelling van die gemeente:

In die verslag aan die Ring is daar besonderhede gegee vir die afgelope 11 jaar vanaf 2003. In 2003 het die gemeente 791 lidmate en 396 besoek-punte gehad. In die tabel is die laaste vyf jaar se besonderhede vanaf 2009.

Die besoekpunte is ingedeel in 30 wyke waarvan 19 dorpswyke en 2 plaaswyke is. Dan is daar ook 9 wyke vir lidmate wat buite die gemeentegrense woon.

Van die 400 lidmate wat bo 60 is, is 71 reeds bo 80 jaar. Van hulle woon 11 in Najaarsrus, 6 in Sally Martin en 6 in Amot.

	2013	2012	2011	2010	2009
Belydende lidmate	736	714	734	789	756
Dooplidmate	107	111	119	129	113
Totaal	843	825	853	918	869
Besoekpunte	398	403	410	418	404
Kerkbywoning					
Oggend	330	323	325	390	380
Aand	0	0	0	0	0
Nagmaal	350	325	333	455	450

Ouderdomsprofiel (Jare)	1-18	19-39	40-59	Bo 60
	118	112	195	400

WELKOM AAN ANNETJIE HERTZOG – ONS NUWE KOSTER



Baie welkom aan Annetjie Hertzog wat aan die begin van Maart 2014 as Koster by die kerk diens aanvaar het. Sy was voorheen, benewens ander besighede, ook by 'n kunsgalery in Hartbeespoortdam betrokke en het op onverklaarbare manier in Parys beland. Sy glo ook dat Parys met sy kunsatmosfeer die regte plek vir haar en haar kinders is.

Sy sê sy “is dankbaar om met soveel liefde en aanmoediging in 'n gemeenskap aanvaar te word. Sy gee alle eer aan ons Skepper, Jesus Christus wat ons deur Sy Genade in oorwinning laat staan.”

Dankie Annetjie vir die dit wat jy reeds vir ons gedoen het en dat jy altyd gewillig is om nog iets te gaan uithaal wat ons vergeet het.

Dankie ook aan **Andre Vertenten** wat vir 'n hele paar maande, benewens sy normale dagtaak, ook Koster was toe die pos vakant was. Ons waardeer jou insette wat jy daar gelewer het.

Deur drie dinge sal 'n nasie bestaan: Waarheid, Geregtheid en Vrede

SOP- & BROODAAND – DIENSGROEP GETUIENIS:

Die Diensgroep Getuienis hou op Vrydag, 20 Junie weer 'n sop-& broodaand en almal is baie welkom. Kaartjies sal binnekort beskikbaar wees. Moenie hierdie gesellige kuieraand misloop nie.

DIENSGROEP JEUG:

Die Diensgroep Jeug van Parys Wes-NG Gemeente het 2014 afgeskop in vyfde rat. Die Sondagskool het op 19 Januarie begin en met nuwe personeel aan die stuur is ons baie opgewonde oor wat die jaar vir ons inhou.

Trudie Cronjé het haar weg oopgesien om die jeug, as voorsitter van die Diensgroep by die kerkraad te verteenwoordig. Ons almal is bewus van haar

toewyding en ervaring en is trots daarop dat sy die jeug van ParysWes-NG Gemeente verteenwoordig. Louis van Wyk dien

as hoof van kategeese en Gretha Sinclair as jeug sekretaresse.

Hier volg die lys van die kategete vir die jaar 2014:

Gr.1 – Gretha Sinclair
Gr.2 – Christel Erasmus
Gr.3 – Cornet Pretorius
Gr.4 – Madelyn Venter
Gr.5 – Colet Barnard
Gr.6 – Estelle Bruwer

Gr.7 – Rhona Prinsloo
Gr.8 – Polla Claassen
Gr.9 – Louis van Wyk
Gr.10 – Louis van Wyk
Belydenis – Ds. Barry van Wyk

Ons wil graag vir **Niel Els** bedank vir sy bydra tot die jeug. Niel het die afgelope ses maande as Jeugleier gedien en ons wens hom sterkte en seën toe by sy nuwe werk.

Junior jeugkampe word vir die naweek van die 23-25 Mei beplan.

Die senior kamp by Ruach en die junior kamp by Dimalachite.

Met Moedersdag het die junior jeug dit baie geniet om vir ons mammas geskenkies te maak en uit te deel. Beide die senior en die

Ons vra die gemeente se voorbidding en ondersteuning vir die jeug se aktiwiteite en ook die kampe hierdie jaar.

Diensgroep Jeug

GEDENKBOEK van die NG-gemeente Parys-Wes:

Stel jy belang in waneer ons gemeente gestig is of wie die vorige leraars was? As jy 'n eksemplaar van hierdie Gedenkboek op jou koffietafel het, dan het jy al die antwoorde byderhand.

Daar is nog eksemplare van hierdie pragtige publikasie oor die NG-gemeente Parys-Wes teen slegs R100.00 by die kerkkantoor beskikbaar.